

South Devons

2009 * Vol 1
Nuusbrief * Newsletter

Psalm 147:7-8 Sing vir die Here 'n danklied, sing tot eer van ons God . . . Hy oortrek die hemel met wolke, Hy voorsien reën vir die aarde en laat gras op die bergland uitspruit.

SOUTH DEVON
Raad/Council 2009

Tielman Nieuwoudt

Dan Kriek

Ian Turnbull

Bernard Burger

Liezel van Heerden

President: Tielman Nieuwoudt
Vise/Vice President: Dan Kriek
Raadslid/Council Member: Ian Turnbull

LNR Verteenwoordiger/
ARC Representative: Bernard Burger
Sekretariaat/Secretariat: Liezel van Heerden

SOUTH DEVON
BEESTELERSGENOOTSKAP VAN S.A. • CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF S.A.
Posbus/P.O. Box 9777 | Bloemfontein 9300 | TEL. 051 410 0950
E-mail: sdevon@studbook.co.za | Website: http://studbook/society/southdevon/

Van die | From the President

Tielman Nieuwoudt

Die eerste helfte van 2009 is gekenmerk deur uiterstes op baie gebiede. Groot dele van ons land het bogemiddelde reënval beleef, terwyl veral die Oos-Kaap onder erge droogte deurgeloop het.

Goeie somergraanoeste word tans ingesamel, terwyl pryse 'n skerp afname toon. Die pryse van insetmiddele ry redelik wipplank die afgelope 6 maande en baie onsekerheid heers tans in die mark.

Vleispryse bly redelik stabiel ten spyte van die ekonomiese toestande wat tans heers. Boere behaal nogsteeds goeie pryse vir speenkalwers.

Die South Devon Beestelersgenootskap het 2009 op 'n hoë noot afgeskop, met die Algemene Jaarvergadering wat in Kimberley gehou is. Baie dankie aan die Van Zyl broers en hul gades vir die lekker eet en gasvryheid, dit word opreg waardeer. Die South Devons verwelkom ook vir Liezel van Heerden, ons nuwe sekretaresse by die Sekretariaat. Mag die South Devons sommer gou 'n plekkie in jou hart kry.

'n Geslaagde Nampo Oesdag 2009 is verby en die jaar spoed voort.

Sterkte aan al ons telers met hul aktiwiteite vir die res van 2009 en mag South Devons van krag tot krag gaan.

The first half of 2009 was marked by many extremes. Large parts of the country received above average rainfalls, whilst parts of the Eastern Cape experienced a severe drought.

The harvesting of summer crops has been exceptional, although the prices have taken a sharp decline. Input costs during the last 6 months have had a seesaw effect with a lot of uncertainty in the market.

Meat prices have remained relatively stable in spite of the economic climate with farmers still receiving good prices for weaners.

The South Devon Breed Society entered 2009 on a high note, with the Annual General Meeting being held in Kimberley. Many thanks to the van Zyl brothers and their spouses for their hospitality and all the delicious meals that were prepared for us. It is truly appreciated.

The South Devons would like to welcome our new secretary at the Secretariat, Liezel van Heerden. May the breed soon find a special place in your heart.

A successful Nampo 2009 has been and gone and the year is fast drawing to a close.

Wishing all breeders success with their activities for the rest of 2009.

May the Breed Society go from strength to strength.

AJV

Algemene Jaarvergadering

Die Algemene Jaarvergadering van die South Devon Telersgenootskap het gedurende Maart vanjaar in Kimberley in die Noord-Kaap plaasgevind. Gielie en Barrie van Zyl het versoek dat vanjaar se AJV deur Johstep South Devons aangebied word en die paar dae in Kimberley was voorwaar 'n welkome verandering.

Gielie en Barrie het almal met eg Noord-Kaapse gasvryheid ontvang en daar is heerlik gekuier. Die besoek aan Van Zyl Vleis, Gielie en Barrie se slaghuis en wildverwerkingsaanleg was baie interressant. 'n Besoek aan Van Zyl Vleis met sy rugby foto's is voorwaar 'n unieke "vleis en rugby" ervaring en sommige lede was verheug om 'n foto van De Wet Ras, die beste Vrystaatse losskakel van alle tye, daar aan te tref. Die Van Zyls ken voorwaar hul vleis en hul rugby!

Die AJV is afgesluit met 'n besoek aan Johstep South Devons, waartydens 'n keuring van Gielie en Barrie se verse plaasgevind het. Kommersiële en stoetbeeste is besigtig en na aanleiding van die kwaliteit wat ten toon gestel is, was dit duidelik dat Johstep South Devons vir geen kudde in die land hoef terug te staan nie! 'n Gesellige middagete op die plaas het verrigtinge afgesluit en almal het na 'n heerlike paar dae huiswaarts gekeer.

Gedurende die AJV is Tielman Nieuwoudt as President, Dan Kriek as Vise-President en Ian Turnbull as Raadslid herkies.

Valana Olivier het 'n toekenning vir getroue diens van die Genootskap ontvang

Tielman Nieuwoudt saam met Liezel van Heerden, ons nuwe sekretaresse

Ian Turnbull het die Farmer's Weekly Elite Koei, sowel as die beste Blup bul van die jaar toekenning ontvang

Ian Turnbull het die Nieubaden wisseltrofee vir die kudde met die beste TKP van 372 dae ontvang

Tielman Nieuwoudt het die toekenning vir die kudde met die tweede beste TKP (377 dae) ontvang

John Miller het twee beste produserende koei toekennings ontvang - 2 Voortreflik

Dan Kriek het ses beste produserende koei toekennings ontvang - 3 Elite, 1 Superieur, 2 Voortreflik

Ons het hierdie foto's van Gielie en Barrie se pragtige beeste geneem. Die streng seleksie maatstawwe wat toegepas word, kon in die kwaliteit en funksionele doeltreffendheid van hul beeste waargeneem word. Hou hierdie kudde in die toekoms dop!

ARC ANNUAL REPORT

Performance Test Results

The South Devon breed has once again performed exceptionally well during 2008 according to Performance test results published by the Agricultural Research Council in their Annual Report. The following economic key performance areas illustrate that the South Devon breed performed extremely well and in most cases, better than other breeds if compared to the National Average.

	SOUTH DEVON	NATIONAL AVERAGE
ICP (TKP)	386	419
Birth weight	37.9	34.6
BW:CW Ratio	7.4	7.3
Wean weight	222	213
Age first calve (OEK)	34	31.4
Wean Ratio	47.4	42.8
ADG (GDT)	1850	1775
Feed Conversion (VOV)	6.00	5.89

The South Devon breed achieved the second best ICP of all breeds in the Performance Test Scheme – 33 days better than the national average - that simply means a whole lot more money in your pocket! Year after year the ARC statistics indicate that South Devons perform exceptionally well when considering the "BIG 5 of ECONOMIC TRAITS" namely:

- Inter Calving Period - ICP
- Weaning weight - WW
- Weaning weight ratio - WW ratio
- Average Daily Gain - ADG
- Feed Conversion Ratio - FCR

Now what more do you need to farm profitably with beef cattle?

SOUTH DEVON IS THE ANSWER!

SOUTH DEVON SALES 2009

South Devon bulls will be available at the following sales:

13 August	East Cape Club Sale, Cathcart
10 September	Vryburg Stud Bull Sale
19 November	Vryburg Stud Bull Sale

You are welcome to contact any of the South Devon Breeders in your area regarding your bull needs for the coming breeding season.

New!

SOUTH DEVON WEBSITE

A new South Devon website will be launched in the near future and will include personalized web pages for individual breeders

www.southdevon.co.za

BESOEK AAN TIELMAN NIEUWOUDT

Tydens 'n onlangse besoek aan Tielman Nieuwoudt het ons hierdie pragtige foto's van sy South Devons en South Devon-Afrikaner kruisbeeste geneem.



Keuring

BY MARTHA VAN DER MERWE

Martha van der Merwe het na 'n lang afwesigheid van "kommersiële South Devon beesboerdery" weer by die Genootskap aangesluit en ons verwelkom haar graag weer in ons midde. Ian en Sharon Turnbull het onlangs die keuring van haar beeste behartig en hierdie foto's geneem.

Thrichomonas *kos jou geld!*

In Frankfort omgewing is ons tans besig met dragtigheidsondersoeke op ons somerdekseisoen koeie. Die konsepsiesyfers lyk baie goed - meestal 85 - 95%. Soos elke jaar is hartseer verhale weer besig om hulle af te speel en Trichomonas is nege uit tien keer die sondebok.

HIER VOLG 'N PAAR TIPIESE VERHALE:

1. Die mees algemene verhaal is dat al die troppe se dragtigheidspersentasie bo 85% is en ewe skielik is hier 'n trop van 80 koeie en net 26 is dragtig. Boer A onthou dat een van sy bulle na Boer B deurgespring het of visa versa. Die bulle word getoets en al 3 is Trichomonas positief. Hy verloor 51 kalwers x R3000 = R153000 en 3 bulle = R60 000.
2. Boer C het 'n winterdekseisoen tydens Junie/Julie/Aug. Sy dragtigheidspersentasie is goed, maar sonder om sy bulle te toets voor die volgende dekseisoen, sit hy bulle by sy verse. Hulle konsepsie is 35%. Hoe het dit gebeur? Nadat sy bulle sy koeie gedek het, het hulle begin rondloop na Boer D en daar Trichomonas opgetel. Hy verloor 60 kalwers = R180 000 en 4 bulle = R80 000.
3. Boer E se bul swem deur die Vaalrivier, hy kry hom terug en sit hom weer by sy koeie. Sy konsepsie is 48%. Die bul het Trichomonas anderkant gaan haal. Sou dit aan die begin van die dekseisoen gebeur het, sou hy bv. 30% gekry het, in die middel bv. 50% en later in die seisoen bv. 70%. Hy verloor 45 kalwers = R135 000 en 4 bulle = R80 000
4. Boer F leen een van sy bulle vir sy buurman. Sonder om die bul te toets begin hy hom weer te gebruik. Sy konsepsiesyfer is 40 - 60% in 'n goeie seisoen en al die bulle toets positief. Hy verloor 40 kalwers = R120 000 en 4 bulle R80 000.
5. Boer G weier om vir sy werkers se koeie 'n bul te gee. Hy kry 'n nuwe werker met beeste of een van sy werkers kry 'n koei by, wat deur Boer G se bul gedek word. Dié koei is Trichomonas positief en die res is geskiedenis.
6. Boer H is 'n stoetboer en verkoop bulle op 2 of 3 jaar. Hy wil nie sy bulle laat toets vir Trichomonas nie, want hulle was volgens sy kennis nog "nooit" by 'n koei nie. Dié trop bulle het een naweek by sy buurman gaan kuier, toe hy nie tuis was nie.Sy werkers of buurman se werkers het nie 'n bul nie en leen soms een van dié jong stoet bulletjies vir hulle koeie. Ek het al 'n geval gehad waar 12 van die aanbod van 30 veilingsbulle positief was vir Trichomonas. Moet dus nooit iemand glo as hy sê dié bul was nog nooit by koeie nie.
7. Boer G kry min kalwers aan van 'n spesifieke bul en verkoop hom op die maandveiling, boer H koop hom en kry sommer Trichomonas saam. Boer I verkoop al sy nie-dragtige koeie aan Boer J en sommer daarmee saam al sy Trichomonas besmette koeie ook.
8. Die boerevereniging waaraan Boer K behoort, versoek of verplig elke lid om sy bulle te laat toets. Selfs die nie-lede en deeltydse boere word gebel en daar word seker gemaak alle bulle word getoets. Ons vorder en na 3 of 4 jaar is almal se bulle skoon en almal maak weer geld uit vleisbeeste. Omdat dit nou so goed gaan, besluit Boer L hy gaan nou ophou toets om geld te spaar. Op een van bogenoemde maniere voer hy weer Trichomonas in en die res van die verhaal volg.

HOE KAN JY VOORKOM DAT JY DEEL WORD VAN DIÉ HARTSEER VERHALE

1. Toets jou bulle voor elke dekseisoen vir Trichomonas en geslagsgeskiktheid. Hoekom is jy nie bereid om R500 te spandeer op 'n bul wat 25 - 35 koeie moet beset met 'n potensiële inkomste van 20 - 30 kalwers nie?
2. Moedig jou bure aan om ook te toets.
3. PROBEER om tydens dektyd die troppe nie direk langs die buurman s'n te laat loop nie.
4. Indien jou bul draadspring - toets hom eers voor jy hom terugsit in jou kudde. As jy weet jou buurman toets nie, en sy bulle is in jou trop - Toets hulle eers voor jy hulle terugstuur.
5. Probeer om jou bulle weg van lyndrade te hou buite die dekseisoen.
6. Moet nie bulle uitleen nie, indien wel, laat hom toets voor jy hom weer gebruik.
7. Gee vir jou werkers hul eie bul en toets hom elke jaar. So sal jy weet as daar 'n siekte tussen hulle beeste is. Hou boek van hulle beeste en vertel hul van die siekte en dat hul nie vreemde koeie moet inbring nie en ook van die gevaar van die siekte vir hulle koeie.
8. Maak seker as jy nuwe bulle koop dat die verkoper die bul getoets het. Kry die bewys en laat hom self weer toets. Onthou elke toets is slegs 70% akkuraat. Eers na 3 toetse is jy ± 100% seker die bul is "skoon".
9. Daar is 'n entstof beskikbaar wat gebruik kan word waar daar reeds Trichomonas probleme is. Kostes is R84.00 per koei.

Vir meer inligting skakel Dr. D Lessing - Tel: 028 494 0494

GenePro

TELINGSBESTUUR REKENAARPROGRAM

Leslie Bergh, LNR Diereproduksie-instituut, Irene

Wat is GenePro?

GenePro is 'n splinternuwe rekenaarprogram wat telers in staat stel om die teling van hul kuddes optimaal te bestuur deur die bepaling van die beste parings om spesifieke teeldoelwitte te bereik. Die program is spesifiek ontwikkel om te voldoen aan die behoeftes van die Suid-Afrikaanse stoetteler en is die **enigste** plaaslike telingsbestuur program wat teelwaardes asook -akkuraathede in ag neem.

GenePro is ontwikkel as 'n addisionele, opsionele module van BeefPro. Later sal dit ook saam met die Shepherd kleinvee- en Devisa melkbeesbestuur programme gebruik kan word.

Waarom is 'n telingsbestuur program nodig?

Doelgerigte teling bestaan basies uit drie stappe, naamlik:

1. Opstel van teeldoelwitte

   Die meeste telers het teeldoelwitte vir hul kuddes, alhoewel dit in baie gevalle effe vaag is en nie altyd maklik kwantifiseerbaar nie.

   GenePro help jou om kwantifiseerbare teeldoelwitte saam te stel vir jou kudde vir ekonomies belangrikke eienskappe, in ag genome die genetiese variasie en -vlak in jou kudde en in die betrokke ras.

2. Identisering van die "beste" diere

   Prestasietoetsing en teelwaardes stel 'n teler in staat om die "beste" diere (diere met die gewenste eienskappe) te identifiseer vir jou kudde se teeldoelwitte.

   GenePro help jou om die "beste" bulle te identifiseer vir jóú vroulike teeldiere.

3. Optimale gebruik van die "beste" diere

   Enige teler wat al probeer besluit het watter bul met watter koeie gepaar moet word, sal besef hoe moeilik dit is, selfs al neem jy net 'n paar eienskappe in ag.

   Dit is presies hiervoor waar GenePro jou van onskatbare hulp kan wees, aangesien dit primêr is waarvoor GenePro ontwikkel is, naamlik om paringsbesluite maklik, vinnig en akkuraat te doen, in ag genome die beskikbare inligting.

Hoe werk GenePro?

Vir telers wat BeefPro gebruik, word GenePro geïnstalleer as 'n addisionele, opsionele module van BeefPro. Dit benut die BeefPro databasis; insluitende die LNR teelwaardes en verwantskappe tussen diere wat beskikbaar is in die BeefPro databasis.

Die basiese stappe wat gevolg word in GenePro om die beste parings te bereken, is die volgende:

- Sinkroniseer die GenePro databasis met die BeefPro databasis.
- Stel teeldoelwitte op, insluitende keuse van eienskappe, mikpunte, grense en die relatiewe belangrikheid van elke eienskap.
- Kies die bulle en koeie/verse wat gepaar moet word, dui aan watter parings nie oorweeg mag word nie (bv. te hoë inteling) en bereken die beste parings.
- Kyk na die resultate en maak veranderings, indien nodig, totdat jy tevrede is met die resultate.
- Stuur die parings na die BeefPro databasis.

Kenmerke

Die belangrikste kenmerke van GenePro is die volgende:

- Afrikaans en Engelse taalkeuse opsies
- Maklike opgraderings direk vanaf die internet
- Landswye gebruikersondersteuning en opleiding
- Gebruikersvriendelik met 'n logiese menu, volledige handleiding, ensovoorts
- Verslae kan gestoor word in verskeie formate
- Databasis rugsteun en herstel funksies
- Voortdurende gebruikersgedrewe ontwikkeling en opgradering

Toekomstige opgraderings sal voorsiening maak dat ander tipe data, byvoorbeeld liniêre klassifikasie punte, ook gebruik kan word in die berekening van optimale parings.

Vir meer inligting, besoek www.genepro.co.za of skakel 012 672 9145.

DEKLYSTE

Deklyste van die pasafgelope dekseisoen moet die South Devon kantoor so spoedig moontlik bereik. Indien 'n deklys ontbreek sal nuwe geboortes van kalwers nie geprosesseer kan word nie.

South Devon

Blup bul van die Jaar toekenning

Die toekenning van hierdie nuwe trofee in die South Devon ras het 'n nuwe dimensie gegee aan die ras se toewyding tot verbetering. Dit het daartoe gelei dat telers besef dat hulle data op datum en korrek moet wees op Intergis.

Vir diegene wat nie aan die LNR-Prestasietoetsskema deelneem nie stel dit 'n nuwe uitdaging. Jy kan nie aan die wedloop deelneem as jy nie op die baan is nie. Dit is egter interressant om te sien dat die prestasie van telers wat wel deelneem aan die skema aansienlik beter is as diegene wat nie daaraan deelneem nie. Ons hoop dit sal hierdie lede motiveer om wel deel te neem.

Die volgende kriteria is gebruik:
Alle aktiewe bulle by SA Stamboek.

Geboorte direk:	Ras gemiddeld en laer
Speen direk:	Ras gemiddeld en hoër
Speen maternaal:	Ras gemiddeld en hoër
18 mnde direk:	Nie meer as 7kg bo ras gemiddeld, dit is nie 'n gegewe nie en word daar slegs teen te groot bulle gewaak en kan aangepas word.
Skrotum direk:	Ras gemiddeld en hoër

Akkuraathied moet bo 50% wees.

- Bernard Burger, LNR Verteenwoordiger

Blup Bul van die Jaar 2008 - AC03-003 van Ian Turnbull

Nampo

HARVEST DAY 2009

The South Devons were once again represented at the annual Nampo Harvest Day near Bothaville in the Free State. Thank you to Christine Nieuwoudt for decorating the exhibition area and to Attie du Plessis for providing cattle for the exhibition. We all appreciate your efforts in marketing the South Devons.

Nampo
HEIFER COMPETITION

The South Devon Nampo heifer competition where one lucky winner could win 6 South Devon pedigree heifers was concluded at this year's exhibition. The aim of the competition was to raise funds for the Society and then to utilize these funds in the best interest of the breeders, as well as our commercial breeders of South Devon Cattle. The competition was a huge success and we sold 220 tickets to the value of R55 000.

It gives us great pleasure to congratulate Ronald Small of Port Elizabeth on winning the 6 heifers in our South Devon Nampo heifer competition. The heifers will be run on his father's farm in Barkly East. We hope that the heifers arrived at their destination safely and that you are satisfied with the quality of the animals. I hope they will adapt well to the Eastern Cape conditions.

We would like to wish you all of the best with your South Devon heifers and we hope that you will love and appreciate your South Devons as much as we all do.

Tielman Nieuwoudt and Louw Steytler, President of Free State Agriculture, who conducted the lucky draw.

Ronald Small, our winner

SOUTH DEVON
BEESTELERSGENOOTSKAP VAN S.A./CATTLE BREEDERS' SOCIETY OF S.A.
Posbus/PO Box 9777 • Bloemfontein 9300
Tel: 051 410 0950 • E-mail: sdevon@studbook.co.za
Website: http://studbook/society/southdevon/

MEMBERSHIP LIST / LEDELYS

NAME	HERD NAME	ADDRESS	TELEPHONE
DU PLESSIS, ACO	ADUVON	PO BOX 313 COLIGNY 2725	018 673 2180 082 891 0202
KRIEK, DJ & JA	BELLARY	PO BOX 86 TWEELING 9820	058 881 0445 082 944 0566
MILLER, JF	WINSTON	PO BOX 88 CATHCART 5310	045 843 1736 083 659 8269
NIEUWOUDT, T	NIEUBADEN	PO BOX 641 SCHWEIZER-RENEKE 2780	082 524 8544
TURNBULL, IR	ANDIRO	PO BOX 134 BARKLY EAST 9786	045 974 9207 082 705 3056
VAN DER MERWE, M NELL, D	NAZARETH	PO BOX 280 VREDE 9835	082 418 1043 082 309 4029
VAN NIEKERK, CK	MAGPELA	P/BAG X830 HARRISMITH 9880	058 625 0063 083 702 3783
VAN ZYL, G & B	JOHSTEP	PO BOX 880 KIMBERLEY 8300	053 833 2322 082 441 1297 083 459 7616